Laerskool Villieria

Telefoon: 012 331 1100
012 330 0110
Faks: 012 331 4916
E-pos: villiesskool@icon.co.za

Posbus 31520
Totiusdal
0134

Ben Swartstraat
Villieria
Pretoria
0186

OB2/2017

2 Mei 2017

Geagte Ouers

Na die tradisionele Paasvakansie en ons pas afgelope “mini-vakansie”, verwelkom ons ieder en elk weer terug. Mag kwartaal 2 weereens getuig van ‘n ouergemeenskap en skool wat kan hande vat, alles in belang van ons leerders. Kom ons praat met mekaar en nie van mekaar nie. Laerskool Villieria is ‘n skool waar elke leerder moet veilig en gelukkig voel.

As daar enige boelieverwante klagtes is, rus jou kind toe met die nodige sosiale vaardighede, as dit aanhou stuur ‘n kort skrywe aan die voogonderwyser of aan die hoof.

REGISTRASIEPROSES VIR GRAAD 1-LEERDERS 2018
Die aansoekproses vir Graad 1 2018 het vanoggend om 08:00 op die GDO se webblad in aanvang geneem (www.gdeadmissions.gov.za). Die stelsel is operasioneel en tans suksesvol.
Die proses sluit op 12 Junie 2017. Laerskool Villieria het besluit om die ouers tot 12 Junie 2017 tyd te gee om al die nodige dokumente by die skool in te dien. Sou u nog nie oor die skool se ooreenkomsvorm beskik nie, kan u dit by die skool afhaal of op die webblad van die skool verkry.

FOTO’S
Ons vra asseblief dat alle fotogeld nie later as Woensdag, 17 Mei 2017 by mnr Malan inbetaal sal wees.

RUGBY
Al die spanne oefen normale tye. Wedstryde word op Donderdag, 4 Mei 2017 by Laerskool Menlopark gespeel. Spelers sal ‘n program ontvang.

NETBAL
Laerskool Haakdoorn sien nou weer hulle weg oop om netbalwedstryde op Donderdag, 4 Mei 2017 op hulle gronde teen ons skool te speel. Die dogters het reeds ‘n briefie met vervoerreëlings en program ontvang.

MINI-NETBAL
Die O/8 en O/9 spanne speel ‘n wedstryd by Laerskool Villieria op Donderdag, 4 Mei 2017. Dit begin om 14:00.

KRIEKETKLINIEK
Belangstellende ouers kan mnr Dirk Wessels kontak, indien hulle individuele- en/of kleingroepafrigting verlang. Hierdie afrigtingsessies sal op geen stadium met enige ander buitemuurs bots nie. Tariewe sal ook individueel met mnr Wessels onderhandel word.

Kontakbesonderhede: Dirk Wessels - 082 753 5414 - wesselsdirki@gmail.com

EISTEDDFOD
Die Eisteddfod vind plaas tydens die week van 22-26 Mei 2017. Die leerders sal slegs op een van hierdie dae deelneem. Elkeen se spesifieke tyd sal Maandag, 8 Mei 2017 aan hulle gegee word. Elke oefening is van groot belang.

REVUE
Die Seniorgroep oefen môre, Woensdag, 3 Mei 2017 slegs tot 15:00. Die akrobaat sal daarna tot 15:30 oefen. Die Juniorgroep oefen normaal tot 15:00. Die oudisie vir Tshwane Jeugkunstefees vir die optredes in die Staatsteater vind plaas op Dinsdag, 16 Mei 2017. Elke oefening is nou van groot belang. Die ekstra oefening op Saterdag, 13 Mei 2017 sal plaasvind vanaf 08:00 tot 10:30.

SKOOLGELD
Meeste van ons ouers se skoolgeld is op datum. Duisend dankies daarvoor. Ons glo dit is as gevolg van die feit dat Laerskool Villieria se skoolgelde nie buitensporig hoog is nie. Enkele ouers het reeds ‘n skrywe ontvang. Indien u nog nie betaal het nie, of ‘n reëling met me Cremen getref het nie, doen dit asseblief onverwyld. U samewerking sal hoog op prys gestel word. Let egter op ons addisionele e-pos adres indien u direk met me Cremen van finansies wil kommunikeer – finansies@laerskoolvillieria.co.za.

Ouers wat later die jaar in ‘n bonusmaand hul onderriggelde ten volle gaan vereffen, moet groot asseblief net ‘n kort e-pos aan Me Cremen rig om die reëling te bevestig.

BROODJIEPROJEK:
Aan die begin van ‘n nuwe termyn wil ek graag vir elkeen dankie sê wat so getrou met die smeer van die broodjies help.

Ek wil graag van die geleentheid gebruik maak om vir ons projekkoördineerder, Rinda Oosthuizen, baie dankie te sê vir al haar reëlings en liefde met die hantering van die broodjieprojek. Indien daar iemand is wat graag betrokke wil raak by hierdie baie belangrike projek, kontak haar asseblief by 082 379 1254. Ons benodig ook smeergoed van tyd tot tyd indien iemand dalk hiermee kan help. Enige kommentaar, voorstelle, nuwe idees kan aan haar deurgegee word.

Op versoek van Rinda Oosthuizen en namens al die honger magies, ‘n baie spesiale woord van dank vir elke skenker asook die dierbare ouers wat hulle tans in die “smeerspan” bevind. Dit word waardeer. Daar is tans ook so portefeulje of twee in die smeerspan beskikbaar indien iemand sou belangstel om te help.

MERK VAN KLERE

Die winterseisoen is stadig maar seker besig om ons te bekruip. MERK ASSEBLIEF U KIND SE KLERE. Op hierdie wyse kan die skool u as ouerhuis behulpsaam wees om verlore goedere aan die betrokkenes terug te besorg. Ons doen ‘n beroep op elke ouerhuis om saam met die skool te werk en te sorg dat ons leerders netjies geklee is in skooldrag en sover moontlik weggedoen moet word met enige ander kleurvariasies.

DERDETAALONDERRIG - GRAAD 2 SEPEDI

Die Departement van Onderwys is steeds besig met die implementering van derdetaalonderrig in skole. Ons Graad 2 leerders sal dus binnekort gekonfronteer word met die inoefen van derdetaal woordeskat. (LW Hierdie is geheel en al glad nie van toepassing op die huidige slaag- en bevorderingsvereistes nie). Laerskool Villieria was reeds in 2016 ‘n loodsskool vir derdetaalonderrig vir Graad 1.

EKSAMENROOSTER

Alle ouers moet hulle asseblief vergewis van die Junie eksamenrooster. Alle pogings is aangewend om leerders en ouerhuise te akkommodeer, maar hou asseblief in gedagte dat sekere datums deur die Onderwysdepartement voorgeskryf is en dat sportgeleenthede ook sover moontlik in ag geneem is.

Vriendelike groete.

D P HAASBROEK
HOOF

BYLAAG A

EKSAMENDATUMS JUNIE 2017

DATUM	GRAAD 4 TOT 6	GRAAD 7
5 JUNIE 2017	Afrikaans Opstel	Afrikaans Opstel
6 JUNIE 2017		
7 JUNIE 2017		
8 JUNIE 2017	Engels	Engels
9 JUNIE 2017		
12 JUNIE 2017	Wiskunde	Wiskunde
13 JUNIE 2017	Afrikaans	NW
14 JUNIE 2017	NW / Teg	LO
15 JUNIE 2017	LO / PSW	Afrikaans
19 JUNIE 2017	SW Geskiedenis	SW
20 JUNIE 2017	SW Geografie	Tegnologie
21 JUNIE 2017		EBW
22 JUNIE 2017		KK
26 JUNIE 2017	ALLE PUNTE IN	

SKRIFKONTROLE DEUR OUERS
Ouers sal vanaf 22 Mei 2017 die leerders se skrifte tuis ontvang en kan dan asseblief die skrifte kontroleer en by die toepaslike stempel teken.

EKSAMENAFBAKENING
Alle eksamenafbakening sal aan leerders, Gr 4 - 7 op 22 Mei 2017 uitgedeel word.

BYLAAG B

BELANGRIKE DATUMS:

Donderdag 20 April	Mini-Netbal: Tuis O/6 en O/7; O/8 en O/9
Maandag 24 April	Oueraand
Dinsdag 25 April	Gr 7: HTS John Vorster-opedag
	Netbal: Magalieskruin – Tuis
Woensdag 26 April	Gr 6- en 7 Opleiding (Tydens skoolure)
Donderdag 27 April	**Vryheidsdag**
Vrydag 28 April	Skool vakansiedag
Maandag 1 Mei	**Werkersdag**
Donderdag 4 Mei	Netbal: Haakdoorn – Weg
	Rugby: Menlopark – Weg
	Mini-Netbal: - Tuis (mini-liga) O/8 en O/9
Saterdag 6 Mei	Bulletjie rugby: Louis Leipoldt – Weg
Donderdag 11 Mei	Netbal: Voorpos – Tuis
Saterdag 13 Mei	Bulletjie rugby: Swartkop – Weg
	Mini-Netbal: – Hermanstad O/6 en O/7
Dinsdag 16 Mei	Rugby: Anton van Wouw - Tuis
Donderdag 18 Mei	Fotodag
	Netbal: Uniefees – Weg
	BL-vergadering
	Rugby: Midstream College – Weg
	Mini-Netbal: - Magalieskruin (mini-liga) O/8 en O/9

Saterdag 20 Mei	Bulletjierugby: Menlopark – Weg Skaakliga
Maandag 22 Mei	Eisteddfod begin
Dinsdag 23 Mei	Netbal: Northridge – Tuis Rugby: Elarduspark - Tuis
Woensdag 24 Mei	Potjiekosvergadering 18:00
Donderdag 25 Mei	Hemelvaartdiens – 11:00
Vrydag 26 Mei	Eisteddfod eindig
Saterdag 27 Mei	Bulletjierugby: Tygerpoort – Weg Skaakliga Mini-Netbal: Genl Beyers O/6 en O/7;)/8 en)/9
Dinsdag 30 Mei	Rugby: Tygerpoort - Tuis
Donderdag 1 Junie	Netbal: Totiusdal – Weg
Vrydag 2 Junie	Ouma-en Oupadag
Maandag 5 Junie	Landloopoefening begin
Dinsdag 6 Junie	Rugby: Louis Leipoldt – Weg
Donderdag 8 Junie	Rugby: Monumentpark – Tuis
Vrydag 9 Junie	Produksie 2000 opvoering
Saterdag 10 Junie	Bulletjie rugby: Woodhill – Weg
Dinsdag 13 Junie	Krieket- en Sagtebaloefening begin
Donderdag 15 Junie	Swartsakprojek sluit 9:00
Vrydag 16 Junie	**Jeugdag**
Saterdag 24 Junie	Bulletjie-afsluiting
Dinsdag 27 Junie	Redenaarsaand Gr 1 – 3 18:00
Woensdag 28 Junie	Redenaarsaand Gr 4 – 7 18:00
Donderdag 29 Junie	Sokkie
Vrydag 30 Junie	Skool sluit 11:00

ENTREPRENEURSDATUMS:

Intersenfase:	Grondslagfase
3 Mei	10 Mei
7 Junie	14 Junie

RONNIEDATUMS:

24 Mei
21 Junie